

Thumela

1. tot siens meneer
2. het jy geskree
3. en vir oulaas gemaak ernstig
4. na 'n kennisgewingbord
5. met horde sportaankondigings
6. en lyste eksamenrooters
7. wat jou nie meer kon raak
8. gestaar
9. jou boeksak toe
10. met 'n wilde tol
11. die lug ingeskiet
12. en 'n geskiedenisboek gepos
13. sodat die blaaië
14. verward
15. oor die verlate skoolvierkant saai
16. terwyl jy laggend
17. om 'n hoek verdwyn
18. gemaak geskok
19. het meneer weggedraai
20. maar ek het bly wonder
21. of dit vir jou
22. dan niks beteken

Elmé Barnard

Stylfigure in gedigte

Stylfiguur	Voorbeeld	Verduideliking
Alleenplasing	Reëls 8, 9.	Woorde of sinsnedes word alleen geplaas om dit te beklemtoon.
Alliterasie: (ook stafrym)	"s" in reël 12,	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Apostroof	Reël 21, 22.	Die tegniek om iemand in die gedig direk aan te spreek.
Assonansie	"o" in reël 5 "e" in reël 12.	Opeenhoping van vokale.
Klimaks en antiklimaks	Reëls 21, 22.	Feite word stygend belangriker of mider belangrik.
Onomatopée / Klanknabootsing	Reëls 10, 11, 13, 14, 15.	Die woord boots klanke na.
Retoriese vraag	Reël 21, 22.	'n Sin wat eintlik 'n stelling is, word as 'n vraag geskryf.
Rymtipe in die gedig	Vryerym	Woorde rym nie, daar is nie 'n definitiewe rymskema nie.
Sarkasme	Die leerder en die onderwyser in die gedig.	Daar word op 'n spottende wyse presies gesê wat bedoel word.

Vrae:

1.1. Hoekom is die gedig se titel gepas? (2)

1.2. Wat is die doel van die ruimtes in die gedig? (1)

- 1.3. Watter tipe verteller is aan die woord in die gedig? (1)
- 1.4. Hoekom word "tot siens" en "meneer" met kleinletters geskryf? (1)
- 1.5. Haal een woord aan uit die gedig wat aandui dat die leerder klaar is met skool. (1)
- 1.6. Hoekom gebruik die digter "geskree" in plaas van "geroep" in reël 2. (1)
- 1.7. Haal een woord aan uit die gedig wat 'n sinoniem is vir "baie" of "vele". (1)
- 1.8. Hoekom raak die eksamenroosters teen die kennisgewingbord die leerder nie meer nie. (1)
- 1.9. Hoekom sou die leerder gestaar het na die kennisgewingbord is niks daarop hom meer raak nie? (1)
- 1.10. Hoekom dink jy het die leerder sy boeksak in die lug gegooi? (1)
- 1.11. Haal twee opeenvolgende woorde aan uit die gedig wat aandui dat dit vakansie is. (1)
- 1.12. Haal een woord uit die gedig wat aandui dat die leerder nie oneerbiedig is nie. (1)
- 1.13. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat aandui dat die onderwyser nie ontsteld is oor die leerder se gedrag nie. (1)
- 1.14. Kies die korrekte antwoord: (1)
Die tema van die gedig is...
- 'n leerder het skool gehaat en kan nie wag om dit te verlaat nie.
 - 'n leerder wat van skool gehou het maar tog baie bly is dit is verby.
 - 'n leerder wat onderwysers haat.
 - 'n onderwyser wat leerders haat.
- 1.15. Pas Kolom A by Kolom B: (4)

1.15.1.	Klanknabootsing	A	en 'n geskiedenisboek gepos
1.15.2.	Alliterasie	B	of dit vir jou dan niks beteken
1.15.3.	Apostroof	C	met horde sportaankondigings
1.15.4.	Assonansie	D	sodat die blaaië verward oor die verlate skoolvierkant saai

Memorandum

- 1.1. Tumela beteken om weg te stuur en in die gedig word die leerder die wêreld ingestuur na sy skoolloopbaan. (2)
- 1.2. Dit dui tydsverloop aan. (1)
- 1.3. Derde Persoon. (1)

1.4. Want dit is universeel. / Dit gebeur orals (in baie skole)

1.5. ouslaas. (1)

1.6. Die leerder is opgewonde / bly om die skool te verlaat. / Die leerder is vermaaklik. (nie oneerbiedig nie). (1)

1.7. hordes. (1)

1.8. Hy is klaar met skool en dus klaar met eksamens ook. (1)

1.9. Hy is vermaaklik. (1)

1.10. Die leerder is opgewonde / bly om die skool te verlaat. / Die leerder is vermaaklik. (nie oneerbiedig nie). (1)

1.11. verlate vierkant. (1)

1.12. laggend. (1)

1.13. gemaak geskok. (1)

1.14. B – 'n leerder wat van skool gehou het maar tog baie bly is dit is verby. (1)

1.15. 1 – D, 2 – A, 3 – B, 4 – C. (4)